# Renosterhoring in bagasie gevind op OR Tambo Internasionale Lughawe

**Tshwane, 29 April 2022** - Doeane-beamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), in samewerking met ander regeringsdepartemente, het die bagasie van 'n vroulike Suid-Afrikaanse passasier by die OR Tambo Internasionale Lughawe onderskep wat twaalf (12) stukke renosterhoring, met 'n gewig van 30.7 kg, bevat het.

Die onderskepping van renosterhoring het gevolg nadat SARS Doeane en ander regeringsbeamptes 'n wenk ontvang het, aangaande 'n passasier wat na Dubai onderweg is.

Die doeanespan het spoedig opgetree en die vroulike passasier vergesel na die doeane-area vir verdere ondersoek. Die twee stukke bagasie en 'n boks is deur 'n bagasieskandeerder ondersoek, wat ongewone beelde geidentifiseer het, vermoedelik renosterhoring.

Dit het gelei tot 'n fisiese inspeksie van die bagasie en die boks waarin die twaalf (12) stukke renosterhoring, met 'n gewig van 30.7 kg, gevind is. Die passasier en die renosterhoring is aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) oorhandig, waarna 'n kriminele saak geopen is vir verdere ondersoek.

Tussen Julie 2020 en Desember 2021, is 'n totaal van 125 stukke renosterhoring, met 'n gesamentlike gewig van 452 kg, by die OR Tambo Internasionale Lughawe gekonfiskeer.

- Desember 2021: Ses (6) stukke renosterhoring, met 'n gewig van 4 kg, verklaar as 'persoonlike besittings', onderweg na Sjina.
- Desember 2021: Vyf (5) stukke renosterhoring, met 'n gewig van 10 kg, verklaar as 'skandeerders', onderweg na Maleisië.
- Julie 2021: Twee-en-dertig (32) stukke renosterhoring, met 'n gewig van 160 kg, verklaar as 'lewendige plante', onderweg na Maleisië.
- Februarie 2021: Agtien (18) stukke renosterhoring, met 'n gewig van 63 kg, wat as 'HP Cartridges Developers' verklaar is, onderweg na Maleisië.
- Desember 2020: Sewentien (17) stukke renosterhoring, met 'n gewig van 72.4 kg, wat in 'n geyser versteek is, onderweg na Maleisië.
- September 2020: Ses (6) stukke renosterhoring, met 'n gewig van 4.9 kg, wat 'koffiebone' verklaar is, onderweg na Maleisië.

- Julie 2020: Een-en-veertig (41) stukke renosterhoring, met 'n gewig van 137 kg, verklaar as 'beeldende kuns', onderweg na Maleisië deur Doha.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter, het sy opregte dank uitgespreek teenoor die doeane-beamptes en hul eweknieë in die SAPD vir hul ywerige werk om die smokkeling van renosterhoring en menige verwante oortredings te bekamp.

Hy het gesê: "Ons sal elke poging aanwend om hierdie kriminele sindikate en individue wat die wet oortree, na te speur en te vervolg."

Vir meer inligting, kontak SarsMedia@sars.gov.za.






